

Dinsdag 10 November

Skrifgedeelte: Daniël 6:16-29

Fokusgedeelte: Daniël 6:23

Dien God wat mag het oor lewe en dood

Ons loop nie daagliks die gevaar om in 'n leeu kuil gegooi te word nie. Tog raak Daniël se ervaring ons ten nouste. Is daar hoop vir hulle wat aanhou om God te aanbid, al span die ongelowiges saam teen die kerk van Christus?

Die agteraf jaloesie teenoor 'n getroue werker wat God en sy werkgewer respekteer, vind ons ook vandag. Daar is geheime agendas, omkoperij, bevoordeling van familie en vriende. Maar daar is ook die eise dat jy moet saamgaan met onheilige sake, anders verloor jy jou werk of kry nie aandeel in die "winste" nie. Aanbid die afgod Mammon!

Koning Darius vaardig 'n onveranderbare wet uit. Daniël ignoreer die bevel en volhard in gebede. Hy word in die leeu kuil gegooi, selfs die koning kon hom nie help nie. Sy vertrou bly op die ware God. So ook die koning wat sê: "Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red" (Dan. 6:17). So was dit. Daniël oorleef en bely: "My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit ..." (vs 23).

Ook ons kan hoop behou. Al voel dit of die vyand oorneem, God regeer steeds. Met Jesus se kruisdood sou die vyand wou feesvier. Uit die weg geruim, soos Daniël in die leeu kuil. Maar Jesus verrys as oorwinnaar uit die graf en word verhoog tot die regterhand van sy Vader. Daarna word nie 'n koningsopdrag uitgestuur om die God van Daniël te vrees en te eer nie, maar wel die blye boodskap van verlossing.

Jesus Christus regeer oor alles. In sy Naam is daar redding. Hy bewaar jou, want die magtigste is onder sy gesag. Hy kom weer om sy heerskappy oor alles en almal te bekragtig. Sy vyande sal dan finaal uit die weg geruim word.

Sing: Psalm 99-1:1, 4

Dr. WC Opperman (Callie) (Emeritus)